

PERSONALIA.

Prof. Dr. Joh. de Groot.

Gedurende die jaar het die tyding ons bereik dat die Utrechtse hoogleraar Prof. de Groot corlede is. Hiermee het heengegaan een van die eminentste teoloë van Nederland, meer bepaald wat betref die Oue Testament en die aanverwante vakke.

Prof. Dr. Joh. de Groot het sy studies voltooi aan die instituut van Dalman te Jerusalem, en het in 1913 te Groningen gepromoveer op die proefskrif „Palestijnsche Masseben.” Nadat hy predikant was op verskillende plekke, te Garrelswear, Roodeschool, Vlissingen en Den Haag het hy in 1928 die hoogleraarsamp in die Hebreeuse Taalen Letterkunde en die Israelietiese Oudhede aan die Ryksuniversiteit te Groningen aanvaar as opvolger van Prof. F. M. Th. Böhl met 'n rede oor „De Palestijnsche achtergrond van den Pentateuch.” Na enkele jare van vrugbare arbeid alhier het hy gehoor gegee aan die roepstem van Utrecht en het op 2 November 1936 professor geword vir die Ou Testament aan die Ryksuniversiteit te Utrecht as opvolger van Noordtzi. Behalwe die Ou Testamentiese vakke, het hy hier ook sy Groningse vakke doseer, en ook die Arabies op hom geneem tot die koms van Kernkamp in 1939.

In Utrecht het ons die voorreg gehad om met hom persoonlik kennis te maak, sy kolleges in die Ou Testament te volg gedurende die akademiejaar 1938-1939, en onder sy leiding eksamen te doen aan die einde 1939.

Met groot nougesetheid en skerpsinnigheid wat getuig van intense studie en deeglike voorbereiding, maar ook met groot opgewektheid en frisheid het hy sy kolleges gegee. Wanneer die rysige gestalte van de Groot met effens geboë skouers die klein Auditorium van die Universiteit binnekom vir Psalme-exegese, dan wag die vergaderde studentetal in spannende stilte, dankbaar dat hulle nog 'n sitplek kon verower. En as hy aanvang met kragtige welluidende stem, waarin die Groningse tongval herkenbaar is, gepaard met 'n ongeëwenaarde oorspronklikheid van segging, dan raak almal weldra so verdiep dat mens met spyt opkyk wanneer die Domtoringklok aankondig dat uur verstryk is. Uit sy voorlesings het gesprek sy groot liefde vir en gedeë kennis van die vakke. Exegese, inleiding, kanongeskiedenis—in alle opsigte het hy die wetenskap gedien na die beste van sy kragte en sy leerlinge eerbied en liefde vir sy vakke ingeprent. Prof. de Groot was vir sy leerlinge egter nie net akademiese leraar nie; hy was ook persoonlike raadsman en vriend van baie. Vele is daar wat die heengegane bly gedenk. Hy het beskik oor 'n geweldige werkkrag. Van sy hand het verskyn in die serie Tekst en Uitleg die

boeke Jozua en I en II Samuel. Na die afsterwe van Prof. van Veldhuizen het hy die Nieuwe Theologiese Studiën geredigeer. In verbinding met Thomsen en Gustavs het hy meegewerk aan „Die Palästina Literatur”, 'n internasionale bibliografie waarvan die vyfde deel oor die literatuur van die jare 1925-1934 nog in 1938 verskyn het.

As voorsitter van die Nederlandsche Christelike Radio Vereniging het hy uitstekende dienste verrig. Meermale het hy oor die radio reekse van Bybellesinge gehou. Nog goed herinner ek my die simpatieke beeld wat hy geskilder het van die tragiese figuur van Saul. Hy was waarlik groot, so groot dat hy medelye kon hê met die swakhede van ander. Kort voor die uitbreek van die oorlog het nog die lig gesien „In de Binnenkamer van het Oude Testament”, 'n vertaling en uitleg van tien Psalms, na die inhoud radiovoordragte wat hy gehou het. Hieruit spreek duidelik naas groot wetenskaplikheid, sy innige Godsvertroue en geloofssekerheid. Hy het groot en goed van sy God gedink.

Nederland het armer geword; die Nederlandse Hervormde Kerk ook; ook ons in Suid-Afrika. Meermale het hy die begeerte uitgespreek om ook Suid-Afrika 'n besoek te bring; nog meer, om vir 'n jaar of wat met Prof. Gemser leerstoele om te ruil. God het dit anders gewil; in die krag van sy lewe heengegaan.

By die heengaan van Prof. van Veldhuizen het hy geskrywe:

„Er is een sterke eik gevallen. Maar in den hof van den goeden Hovenier.”

Ook van hom is dit waar.

E. S. MULDER.

By die op ons versoek geskrewe woord van nagedagtenis aan Prof. de Groot deur Ds. E. S. Mulder, wat die voorreg gehad het 'n tydlank sy leerling te wees, is dit my 'n behoefte ook self enkele woorde te voeg. Die berig van die oorlyde van Prof. de Groot in „Vrij Nederland” van 23 Januarie van hierdie jaar was vir almal wat hom geken het in Suid-Afrika 'n skokkende tyding. In die krag van sy lewe en arbeid, op 56-jarige leeftyd is hierdie toegewyde en begaafde werker op die gebied van die Ou Testament en sy Ou Oosterse agtergrond weggeneem. Ek het die voorreg gehad de Groot reeds tydens sy en my studentejare te ken. Hy was gemaklik die eerste onder sy tydgenote. Sy beantwoording van 'n akademiese prysvraag is met goud bekroon. Ubbink van Groningen en van Rhijn van Utrecht was onder sy medestudente en vriende. Geen van ons het ooit daaraan getwyfel dat de Groot vir 'n professoraat voorbestem was. Maar ook in die vriendekring was de Groot gemaklik die sentrum. 'n Besondere hartlikheid en tegemoetkomendheid was hom eie, en altyd was hy bereid om jonger medestudente behulpsaam te wees by hul studie en in hul persoonlike moeilikhede. Ek onthou nog goed

hoe sy woorde my gehelp het toe ek na besonder moeilike huiselike verliese met my moeder as jong en onervare student in Groningen aangekom het. Van 'n besoek aan de Groot op sy kamer het mens altyd verfris en verlewendig tuis gekom. Hy het die studenteleeu in sy volheid geniet en daarby sy studiejare tot die uiterste benut.

De Groot was die teendeel van 'n studeerkamergeleerde. Deur 'n lang studietyd aan die Duitse Evangeliese Instituut vir die Oudheidkunde van die Heilige Land te Jerusalem het hy met die lewende agtergrond van die Outestamentiese Studies in noue aanraking gekom. Die Arabiese taal van die huidige bevolking het hy hom — na die voorstudie van die klassieke Arabies onder leiding van ons beider leermeester, die beskeie en vroom geleerde Prof. van den Ham — spoedig eie gemaak. Menigmaal het hy later as wetenskaplike leier van geselskapsreise na die Heilige Land en omgewing opgetree. In al sy geskryfte vanaf sy doktorsproefskrif is die frisheid van die direkte kontak met bodem en sfeer van Palestina te merke. De Groot had gedurig eie invalle, onverwagte wendings, nuwe gesigspunte. Toegewyde, skerpsinnige beoefenaar van deur geen dogmatisme belemmerde wetenskap, het hy altyd die band met die gelowige Gemeente bewaar, self uit die groot waarhede van die Christelike geloof van harte geleef en openhartig daarvan getuig.

Vir wie die kerklike kaart van Nederland ken, is dit uit die reeks van sy standplase as predikant somar duidelik hoe geliefd hy as prediker en sielsorger was. Sy pad was opgaande en liggende tot die volle dag toe. Sy prediking was Bybels, prakties en nugter — die ideaal van egt Hervormde prediking.

Die hele Kerk en die hele volk het hy met sy gawes van hoof en hart gedien. Vriende en medewerkers had hy oor die hele land en by allerlei gesindtes. Vir lesings in stad en land en radiotoesprake was hy altyd bereid en besonder dikwels gevra. By plate en kaartjies van Palestina en die Outestamentiese geskiedenis, wat vanjaar tot jaar in die kalender van die Nederl. Christelike Radio-Vereeniging voorgekom het en in die keuse waarvan sy hand duidelik te herken is, het hy saam met sy voorganger in Utrecht, Prof. A. Noordtzij, die teks geskryf. Die laaste van hierdie premieboeke wat my in hande gekom het is dié van 1939 en behandel die periode van die Rigters. Dit dra — asof dit 'n profesie was — die titel: „Geknecht in eigen land.” De Groot het die knegting in eie land in al sy bitterheid moet ervaar. Dit was hom nie vergun om die dag van die bevryding te beleef nie. Moontlik het hy tog reeds gesien wat die laaste hoofstuk van hierdie laaste geskryf waarop sy naam voorkom wat my onder oë gekom het, noem: Die eerste skemering van die komende daeraad. Maar God had iets beters vir hom weggelê: die bevryding wat die

deel is van hulle wat die beloftes uit die verte gesien en geglo en begroet het.

B. GEMSER.

Prof. Dr. M. Th. Houtsma.

In hierdie jaar 1943 is in Nederland in die hoë ouderdom van twee-en-negentig jaar oorlede Dr. Martinus Theodorus Houtsma, vanaf 1890 tot 1917 professor in Hebreeus en Hebreeuse oudheidkunde aan die Universiteit van Utrecht. Verskillende predikante van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika wat in Utrecht gestudeer het, vanaf wyle Ds. L. E. Brandt, was dus leerlinge van hom.

Prof. Houtsma het wel Hebreeus en Arabies gedoseer, maar die Persiese en Turkse tale was eintlik sy hoofstudievakke. Dit was 'n groot onderskeiding nie alleen vir hom maar vir die Nederlandse geleerde wêreld dat die hoofredakteurskap van die Encyklopedie van die Islam deur die redakteure van die verskillende Europese lande aan hom opgedra was. Hy was 'n groot geleerde, en 'n kenner van sy vak soos baie min anderes. Sy onderwys in Hebreeus en Hebreeuse oudhede was soms droog, maar as mens daarna met die eintlike studie van die Ou Testament begin het, het mens besef hoe baie mens by hom geleer het. Mens het dan geweet waar die probleme van die Ou Testamentiese studie gelê het en het al 'n eerste kennismaking daarmee gehad.

By al sy groot geleerdheid was hy uiters beskeie. Die predikante wat sy leerlinge was, sal nog ongetwyfeld dink aan die aande wanneer hulle by hom moes gaan tee drink. Die groot vraag was dan waar om oor te praat, want hy het hom eintlik alleen in 'n kring van geleerdes op sy gemak gevoel, en op soiets kan 'n student nie aanspraak maak nie.

Met hom is 'n beroemde Europese geleerde heengegaan!

S. P. ENGELBRECHT.

Prof. Dr. L. Knappert.

Tot die getal van hooglerare en oud-hooglerare wat in hierdie jaar in Nederland oorlede is, behoort ook Prof. Dr. L. Knappert. Hy is in 1863 gebore en was van 1902 tot 1933 hoogleraar van weë die Ned. Hervormde Kerk aan die Universiteit van Leiden, en het as sodanig ook die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk gedoseer, waarvan hy 'n groot kenner was en verskillende boeke oor gepubliseer het. Sy twee dele oor die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk vanaf 1568 bevat baie wetenwaardigs en die kultuur-historiese aspek is nie uit die oog verloor nie. Die beswaar daarteen is egter dat dit uit 'n al te eensydige oogpunt geskryf is.

'n Standaardwerk van hom wat voorlopig nog nie verouderd sal

raak nie, is sy „Het Ontstaan en de Vestiging van het Protestantisme in de Nederlanden.” Dit getuig van 'n groot kennis en wetenskaplike bekwaamheid. In hierdie periode van die opkoms van die protestantisme in Nederland was hy besonder goed tuis. Op ontroerende wyse kon hy skryf en praat oor die martelare van die Hervorming en in sy studeerkamer met sy uitgebreide boekeskat, het die martelaarsboeke waaronder daar verskillende eerste uitgawes was, 'n ereplek ingeneem. In die omgang was hy gesellig en sy geselskap was onderhoudend en aangenaam.

S. P. ENGELBRECHT.

Prof. Dr. F. W. A. Korff.

Met dankbare herinnering en stille eerbiedige hulde dink ons terug aan ons geëerde leermeester Prof. Dr. F. W. A. Korff, hoogleraar in die godgeleerdheid van weë die Ned. Hervormde Kerk aan die Ryks Universiteit te Leiden wat in die begin van 1943 oorlede is. In hom het een van die seer gesiene figure van die in hierdie tyd so swaar geteisterde Universiteit van Leiden ons ontval.

Prof. Korff is in 1887 gebore en het in 1913 predikant geword waarna hy verskillende Ned. Hervormde Gemeentes gedien het, nl. Hoogersmilde 1913, Dedemsvaart 1918, Heemstede 1921, terwyl hy in 1932 professor geword het. Die vakke wat hy gedoseer het, was dogmatiek, christelike etiek, sendingswetenskap en kerkreg. Sy lesings was altyd voortreflik en was deur groot wetenskaplikheid gekenmerk wat altyd tot op die oorspronklike bronne teruggegaan het. Sy styl en voordrag was duidelik en aangenaam. Sy lesings het altyd die karakter gedra van 'n rede, 'n betoog, maar nooit het die geestige inslag daarin ontbreek nie. Daar was dan ook min studente, ook onder anders denkendes, wat nie hulle bes gedoen het om gereëld hierdie lesings te volg nie. Dit was die glanspunte van die week. Prof. Korff het dan ook op menige student 'n blywende indruk gemaak, en van vele kansels word gedagtes van hom versprei.

Dit is jammer dat Prof. Korff tot nog toe in ons land weinig bekendheid geniet, want dit is meer as die moeite werd om van sy werke kennis te neem. Ek noem 'n paar daarvan: Christelike Religie en Historie in de Theologie van W. Hermann (1922). Dit was sy proefskrif en behandel die probleem van die onderlinge verhouding van Christelike religie en historie. Verder: Op weg naar een Nieuwe Levenseenheid, 1931, wat 'n uiteensetting gee oor die verhouding van kultuur en geloof. Stigtelike werke van hom kom voor in: Eeuwigheid en Tijd; Jong Geloof: Het lijden van Christus, in De Gouden Serie, bundel I; Advent, in De Gouden Serie, bundel III.

Prof. Korff het naas sy groot teologiese kennis ook 'n deeglike

kennis besit van die klassieke en moderne letterkunde, veral van die Hollandse, Engelse en Duitse. Sy geskrifte en preke gee daarvan blyk. By dit alles was hy 'n bekwame en gevierde prediker. Hy het die Hervormde Kerk behalwe as predikant en professor ook nog op ander gebied gediens. In die Vereeniging Kerkopbouw het hy 'n leidende rol vervul. Hy het te midde van die volle bruisende lewe gestaan. Hierdeur, as ook deur sy aangename persoonlikheid en sy vriendelike omgang met en belangstelling vir sy gewone medemens, sal sy heengaan deur vele as 'n smartlike en groot verlies gevoel word.

W. VAN BERGEN.
